

## VOERMOL SUPERFOS

Klas: Fosfaat-Sout-Spoormineraalaanvulling vir Herkouers

**VOERMOL SUPERFOS** is 'n melassegebaseerde minerale-aanvulling vir beeste en skape op groenweiding. Dit kan ook as oorgangslek van groen na droë weidings gebruik word:

- is klaargemeng en gereed vir gebruik;
- bevat 'n wye reeks minerale en spoorminerale wat groei en reproduksie bevorder;
- 'n deel van die spoorminerale word in organiese vorm voorsien;
- bevat min sout wat die nadele van oormatige soutinname voorkom;
- is melassegebaseer en die lek sal nie wegwaai nie;
- geskik vir herkouer wild.



### SAMESTELLING VAN VOERMOL SUPERFOS

REG NR V17422 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	150	Mangaan	1 200
Ureum (maks)	47.4	Koper	315
Vog (maks)	120	Kobalt	11
Kalsium (min/maks)	60/100	Yster	750
Fosfor (min)	50	Jodium	25
		Sink	1 200
		Selenium	10

\*90.7 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg


### Sien ureumwaarskuwing

**AANBEVOLE INNAME** (g/dier/dag)

Beeste: 120 – 240

Skape: 20 – 40

**ANDER:** Gebruik **Voermol Superfos** as 'n bestanddeel in verskillende voermengsels om fosfor en spoorminerale aan te vul.



**VOERMOL**

## UREUMWAARSKUWING

### UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

### UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

### GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



**VOERMOL**